

Diagram vir borduursel



BENODIGDHEDE: Ongeveer 250 g Elle Frolic-dubbelbreigaring; 'n paar drade wit, pienk, swart, oranje, blou en helderpienk vir borduurwerk; paar breinaalde van 4 mm; ritssluiters van 40 cm.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 61 cm te pas.

SPANNING: 20 ste en 27 rye = 10 x 10 cm oor koussteek.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); alt - alternatiewe; awg - aweregsgewys; gs - glipsteek; herh - herhaal; weersk - weerskante; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; tes - tesame; vlg - volgende; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; rif - riffelsteek (= een regs, een awe-regs).

Borduursteeke: Satynsteek, stamsteek, invulsteek, stersteek.

AGTERPANT: Stel 60 ste op en brei 6 cm rif.

Slaan oor na ks, vermeer 10 ste eweredig gespaseer oor eerste ry.

Brei voort tot werk 27 cm lank is.

Mousgatvorming: Heg aan weersk van werk af: 2 keer 2 ste, 2 keer 1 st.

Brei voort tot werk 40 cm lank is en heg af.

EERSTE VOORPANT: Stel 33 ste op en brei 6 cm rif.

Hou 5 voorpantrandsteke deurlopend in rif, maar slaan oor na ks vir res van ste. Vermeer 6 ste eweredig gespaseer oor eerste ks-ry.

Brei voort tot werk 27 cm lank is.

Mousgatvorming: Heg aan mousgatrand een keer 3 ste, een keer 2 ste, 2 keer 1 st af.

Brei voort tot werk 37 cm lank is.

Halsvorming: Heg aan halsrand 1 keer 4 ste, 1 keer 3 ste, 5 keer 1 st af.

Brei voort tot werk 40 cm lank is en heg oorbl ste af. Brei tweede voorpant om met eerste ooreen te stem, al die vormings omgekeerd.

MOUE (2): Stel 30 ste op en brei 5 cm rif. Slaan oor na ks, vermeer 10 ste eweredig

gespaseer oor 1e ry.

Vermeer in alt rye 1 st aan weersk, 6 keer.

Brei voort tot werk 28 cm lank is.

Moukoppvorming: Heg 4 ste aan weersk af, heg daarna in vlg alt rye 1 st net na eerste en net voor laaste st af, 12 keer altesaam.

Brei voort tot werk 39 cm lank is en heg oorbl ste af.


AFWERKING: Borduur sneeuman op voorpant met behulp van foto en skefs, wat

ware grootte is.

Vir beste resultate moet dun papier aan breiwerk vasgeryg word waar motief geborduur gaan word. Borduur dan met satynsteek.

Werk sy- en mounate toe. Werk moue in mousgate vas.

HALSSTROOK: Tel 64 ste om halsrand op en brei 3 cm rif. Heg af. Werk ritssluiters in posisie aan voorpante vas. ●



'n Sneeumantrui